**November 2011**
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Dit is al weer sulke tyd – einde van die maand, die Pretoria Brief is geskryf en my e-pos werk nie. Toe ek besef die storm is op ons het ek dadelik my modem se kragprop en telefoonlyn uitgetrek. Die modem werk nog maar blykbaar is daar iets binne-in die rekenaar uitgeslaan. Wens ek het meer van die dinge geweet.

Vandag iets oor 'n paar verlore skilderye.

**Thomas Baines**
Die Engelse kunstenaar Thomas Baines is op 27 November 1820 in King's Lynn, Norfolk gebore. Sy vader John Baines was lid van die Britse vloot en 'n naweek-kunstenaar. Daar bestaan nog 'n skildery wat John Baines in 1817 geskilder het.

Sover vasgestel kan word het Thomas Baines geen formele kunsopleiding gehad nie, maar was wel vanaf 1836 tot 1841 in Engeland ingeskryf as vakleerling by 'n firma van ornamentele verwers wat die versiering op kroeë, winkels en koetse geverf het. 'n Familievriend, William Roome, was kaptein van die skip Olivia en in 1842, op 22-jarige ouderdom, seil Thomas Baines saam met hom na Kaapstad. Hy probeer eers 'n bestaan maak met die verf van waens maar word later 'n landskap- en portretskilder. Hy word ook die offisiële oorlogskunstenaar van die sogenaamde "Agste Grensoorlog" van die Britse weermag [Wikipedia].

Hy keer terug na Engeland en in 1855 sluit hy as offisiële kunstenaar en stoorman aan by Augustus Gregory se 1855-1857 ekspedisie na Australië. Die ekspedisie word geborg deur die "Royal Geographical Society" en die doel daarvan was om die Victoria-rivier distrik in die noord-weste van Australië te verken en te evalueer vir die moontlike vestiging van 'n Britse kolonie. Na die ekspedisie word 'n berg, Mount Baines, en 'n rivier, die Baines River, na hom vernoem. Verskeie van die kunswerke wat hy op die ekspedisie geskilder het het bewaar gebly.

In 1858 vergesel hy die ekspedisie van David Livingstone na die Zambezi. Na 'n onenigheid met David en sy broer Charles word hy afgedank. Dit is nie seker of Livingstone toe al die Victoria Waterval bereik het nie.

Saam met James Chapman seil hy in 1861 vanaf Kaapstad na Walvisbaai en is vandaar met 'n ossewa deur die woestyn tot by die Ngamimeer. Sestien maande na hul vertrek uit Kaapstad bereik hulle op 23 Julie 1862 die Victoria Waterval. Hulle vertoef 12 dae daar en in die tyd maak Thomas 'n hele aantal sketse en skilderye van die waterval. Dit was die eerste visuele beelde wat die buitewêreld van die wonderlike waterval in donker Afrika gesien het.

Thomas Baines kry in 1870 'n konsessie by Lobengula, die leier van die Matabelestam, om tussen die Gweru- en Hunyani-riviere vir goud te delf.


In Januarie 1872 besoek Thomas Baines Pretoria. Daar is ongelukkig baie min inligting oor sy besoek bekend. Ook in die koerante van daardie tyd word daar geen melding daarvan gemaak nie. Om die pot aan die kook te hou en sy skuld

te delg maak hy drie skilderye van Pretoria wat hy verkoop aan Albert Brodrick, John Robert Lys en Herman Jeppe. In sy dagboek skryf Baines: "The price of Mr. Brodrick's picture was nearly balanced by the store account. Mr. Lys gave me two good trek-oxen end Mr. H. Jeppe two Colonial notes for ₤5 each which passed in Pretoria for ₤9.10.0, the other 10/- remaining due [Pr-3 p24].

Skildery vir Albert Brodrick

Die skildery word in 1899 die eiendom van mev. R.C. Francis van Pietermaritzburg. Sy verkoop dit in 1935 aan die Stadsraad van Pretoria vir ₤100. Tydens die onderhandeling skryf sy: "You can put the amount against that I owe on my sewerage loan, about ₤90, and the balance against an electrical stove and equipment which I am anxious to install and obtain through your Electrical Department" [Pr-03 p24]. Hierdie skildery is tans deel van die versameling van die Pretoriase Kunsmuseum.

Lola Dunston [Dun-01 p215] beweer Baines het in Pretoria by die Francis-familie gebly en as blyk van waardering vir hul gasvryheid het hy die skildery vir hulle geskilder. Ek kon geen bewys vind dat die Francis-familie in daardie jaar in Pretoria gewoon het nie. Die handelaar Francis het eers ná 1890 sy besigheid in Pretoria begin.



[All-01 p20]

Die skildery is 'n uitsig op Pretoria vanaf Meintjieskop. Regs voor die boom het Baines homself geskilder waar hy sit met sy sketsboek op sy skoot. Agter hom staan sy opgesaalde perd. In die middel van die skildery teen Meintjieskop sien ons ook 'n jagter met sy geweer oor sy skouer en agter hom loop iemand met 'n bok oor sy skouer. Voor die strook landerye en bome op die skildery loop die

Apiesrivier. Die twee rye sipresbome aan weerskante van die pad is waar Kerkstraat vandag by Leeubrug oor die Apiesrivier gaan.

Skildery vir John Robert Lys



[Bol -1 p21]

Hier is 'n afbeelding van die skildery wat hy vir J.R. Lys gemaak het. Dit is tans die eindom van Museum Africa in Johannesburg. Daar is groot ooreenkomste tussen die twee skilderye. Onder in die middel van die skildery is Lys se seun Godfrey en sy wit perd Sailor. Regs van die perd sit die skilder en werk.
[Pr-74 p11]

Skildery vir Herman Jeppe

Hierdie skildery het verlore gegaan. Sal dit nie wonderlik wees as iemand dit eendag kan opspoor nie? Volgens oorlewering was dit 'n skildery van Herman Jeppe se woonhuis. Mev. P.E. Punt skryf die huis was op die suid-westelike hoek van Du Toit- en Kerkstraat, en die skilder het die vooraansig wat noord gekyk het geskilder [Pr-3 p15].

Op die kaart van 1879 is daar geen gebou op daardie hoek nie. Volgens Rex [Pr-55 p11] was die eertydse woonhuis van Herman Jeppe op die suid-oostelike hoek van Prinsloo- en Kerkstraat. Later word dit die woonhuis van staatspresident Burgers, toe van die Britse Resident en nog later die huis en skool van Wessel Louis die onderwyser.

Thomas Baines is oorlede op 8 Mei 1875 in Durban. Volgends 'n berig in De Volksstem van 29 Mei 1875 het John Robert Lys 'n gedenkdiens vir hom in Pretoria gereël.

Van Gogh skilderye

Daar het verlede week ‘n nuwe boek oor die skilder Vincent van Gogh in Europa verskyn. Daarin word beweer dat hy nie selfmoord gepleeg het nie maar in ‘n skietongeluk dood is. Dit het my weer aan ons eie Van Gogh – Cornelis – laat dink. Ook oor sy dood is daar nie sekerheid nie, sommige bronne beweer hy het selfmoord gepleeg en ander sê hy is oorlede a.g.v. koors.

Cornelis het ‘n paar van sy broer Vincent se skilderye saamgebring na Suid-Afrika. Wat van die skilderye geword het is nie bekend nie. Dit is heel moontlik as deel van sy nagelate erfposie terug na sy moeder in Nederland. Maar miskien lê dit nog iewers en stof vergaar in Suid Afrika?

Hier volg die geskiedenis van Cornelis van Gogh soos ek dit in die Pretoria brief van Desember 2003 saamgevat het:

Van Gogh, Cornelis Vincent [Zundert, Noord-Brabant 17 Junie 1867 – 12 April 1900 Brandfort]. Die jongste broer van die Nederlandse skilder Vincent Willem van Gogh. Cornelis van Gogh kom 1890 in Transvaal aan en help lokomotiewe bou vir die NZASM by die Cornucopiamyn op Elandsfontein. Daarna is hy vermoedelik betrokke by die aanleg van die Delagoabaai-spoorlyn.

Hy trou in Februarie 1898 met Anna Cathrine Fuchs en tydens die Anglo-Boereoorlog sluit van Gogh by die Vrystaatse vrywilligerkorps van generaal J.S.F. Blignaut aan. Hy word naby Kroonstad gevang, na die hospitaal op Brandfort gebring en is daar oorlede. Volgens ‘n ander bron is die sterfdag 14 April 1900 en in die eerste verklaring word die doodsoorsaak “zelfmoord gedurende koorts” aangegee [PLO-01 p133].

Na sy huwelik in 1898 het hy in Markstraat gebly [Bol-01 p150], en volgens Longlands het hy in 1899 in Potgieterstraat tussen Pretorius- en Schoemanstaat gebly. Sy beroep word aangegee as “engineer ZASM” [LON-1 p59 en p123].

Voordat Cornelis na Suid Afrika vertrek het het hy eers ‘n besoek by sy broer Theo in Parys afgelê. Theo, ‘n kunshandelaar, het vir Cornelis ‘n paar van Vincent se skilderye as geskenk gegee. Later het Cornelis uit Suid-Afrika geskryf hoe die skilderye sy kamer ophelder [BOL-01 p150].

Sy huwelik was nie baie gelukkig nie en agt maande later het hy ‘n testament opgestel waarin hy sy moeder in Nederland benoem as sy enigste erfgenaam. In 1904 het sy weduwee die testament in die hof beveg. Uit die hofstukke blyk dit dat sy hom “uit eie vrye wil voor sy dood verlaat het, en al sy meubels geneem het.” Wat van die skilderye geword het weet niemand nie [BOL-01 p151].

Cornelis Van Gogh se naam verskyn op ‘n muurbord aan die oostelike gewel van die Nederduitsch Hervormde Kerk in Du Toitstraat, saam met 78 name van Nederlanders wat tydens die Anglo-Boereoorlog in die stryd vir die republieke omgekom het. ‘n Duplikaat van die wandbord is in die voorportaal van die TweeToringkerk in Bloemfontein.

Bronnelys

| | |
|---|---|
| All-01 | Allen, Vivien. 1971. **Kruger's Pretoria.** Kaapstad: A.A. Balkema. |
| Bol-01 | Bolsmann, Eric. 2001. **Pretoria Artist's Impressions 1857-2001.** Pretoria: Protea Boekhuis. |
| Dun-01 | Dunston, Lola. 1975. **Young Pretoria 1889-1913.** Pretoria: Lola Dunston. |
| Eng-04 | Engelbrecht, S.P. **Pretoria 1855-1955**. Pretoria: Wallachs P. & P. |
| Lon-01 | **Longland's Pretoria Directory 1899.** Pretoria: Longlands. |
| Plo-02 | Ploeger, Jan. 1994. **Nederlanders in Transvaal [1850-1950**]. Pretoria: J.L. van Schaik. |
| Pr-03 | Punt, P.E. 1952. **Investigation Baines Paintings of Pretoria**. Pretoriana, Deel 1, Nommer 3-4, Maart, 1952. |
| Pr-55 | Rex, H.M. 1967. **Lys van Besienswaardighede in Pretoria**. Pretoriana, Nommer 55, Desember, 1967. |
| Pr-74 | Makin, Angela P. 1974. **John Robert Lys**. Pretoriana, Nommer 74 & 75, Maart-Junie, 1974. |
| Pr-99 | Behrens, H.P.H. 1991. **Investigation Baines Paintings**. Pretoriana, Nommer 99, Augustus, 1991. |
| Wikipedia | Thomas Baines. |

---------------------------------------------------

Ek soek inligting: As mens van die internet as bron gebuik maak – hoe verwys jy daarna in jou bronnelys?

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel